

Hoofstuk van die dag: Markus 5

> *Daarna sê Hy vir haar: “Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees!” (vers 34)*

“Dogter, *_jou geloof_* het jou gered.” Natuurlik was dit nie haar geloof nie. Dit was Christus. Maar, en dit is wat Jesus

hier bedoel, dit het tog ook nie los van haar geloof gebeur nie.

Miskien is dit die rede hoekom ons dikwels nie God se goedheid en vrede beleef nie; hoekom ons nie die krag van sy reddende teenwoordigheid in ons lewens en met ons probleme beleef nie – omdat ons geloof nie daar is nie. Nie omdat ons nie glo nie, maar omdat ons te min van God verwag. Ons bid, want ’n mens bid as jy in die nood is. Ons gaan kerk toe, want dit is Sondag. Ons lees Bybel, want só is ons geleer.

Maar geloof is baie meer as dit. Geloof is om soos hierdie vrou met die lewende God se almag rekening te hou. Geloof is om ’n lewende Here te aanbid en te volg. En as jy dan na Hom toe gaan met jou nood, soos hierdie vrou gedoen het, glo dan dat Hy lewe, dat Hy magtig is om jou te help.

Want God kan!

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026